

9 Januarie 2015

## BYBELVERTALING UIT BRONTEKSTE GEDOEN

Na aanleiding van onlangse nuusberigte wil die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) graag sekere feite oor die 1959-vertaling van die Bybel in isiZulu onder die aandag bring.

Uit die berigte mag mense dalk die idee kry dat die Grieks, Hebreeuse en Aramese brontekste van die Bybel nie 'n rol in hierdie vertaling gespeel het nie en dat dit uit ander tale soos Engels of isiXhosa vertaal is. Toe hierdie vertaling egter onderneem is, was dit reeds die beleid van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika dat die brontale primêr gebruik moes word. In die geval van die 1959-vertaling is die Biblia Hebraica (Hebreeus en Aramees) vir die Ou Testament en Novum Testamentum Graece (Grieks) vir die Nuwe Testament gebruik.

Hierdie Bybel is deur 'n interkerklike komitee bestaande uit onder andere brontaalkenners en moedertaalsprekers vertaal.

Die 1959-vertaling van die Bybel word deur die meeste kerke met isiZulu as voertaal, gebruik. Hierdie vertaling is ook steeds die Bybelgenootskap se topverkoper en in 2014 alleen, is daar sowat 192 000 eksemplare van hierdie Bybel in verskillende formate versprei. Behalwe die gedrukte weergawe, is hierdie vertaling beskikbaar in oudioformaat, vir selfone, tablette, as 'n e-Bybel en kan dit ook aanlyn gelees word.

In 1997, op versoek van die isiZulu Taalraad, is die ortografie van die teks aangepas om vir die jongste taalreëls (spelling en punktuasie) voorsiening te maak. Die oorspronklike weergawe word egter ook steeds voorsien, aangesien daar 'n aanvraag daarvoor is.

Verskeie redes lei egter daartoe dat 'n Bybelvertaling soms hersien of 'n heeltemal nuwe vertaling gedoen moet word. Een van die redes is onder andere omdat taal dinamies is en die betekenis van woorde soms verander en nuwe woorde selfs ontwikkel.

Die Bybelgenootskap is tans besig met 'n nuwe isiZulu Bybelvertaling. Drie voltydse vertalers is met die projek besig en hulle word ondersteun deur 'n interkerklike Hersieningskomitee van 15 lede bestaande uit brontaalkenners, isiZulu taalkundiges en kerkleiers. Die "Biblia Hebraica Stuttgartensia" word as bronteks vir die Ou Testament gebruik en die "UBS Greek New Testament" 4de hersiene uitgawe vir die Nuwe Testament. Die Bybelgenootskap se beleid is om nooit self met so 'n vertaling te begin nie, en hierdie vertaling word onderneem op versoek van 'n aantal kerke wat isiZulu gebruik. Die vertaling sal hopelik binne die volgende vyf jaar verskyn.

Die BSA is 'n volle lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe. Die WBG word wêreldwyd as die leier op die gebied van Bybelvertaling beskou en is onder andere verantwoordelik vir die ontwikkeling van hulpmiddels. Een so 'n hulpmiddel is 'n sagtewareprogram, ParaText, wat Bybelvertalers in staat stel om die brontekste met groot vrag te gebruik.

---

EINDE